
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

DIE HEILIGHEID VAN GOD

Die laaste twee artikels het gegaan oor (1) die **GOEDERTIERENHEID** van God en die **GROOTHEID** van God, en (2) die **LIEFDE** van God. Ons het gesien dat God nie net **LIEFDE** het nie, maar dat Hy **LIEFDE IS**! Sy Liefde kan nie beinvloed word nie, dit is ewig, dit is nie 'n emosie nie, dit is heilig, dit is volmaak, dit verdryf die duiwel, die Kruis is die hoogste uitdrukking van hierdie liefde en **GOD VERLANG (EIS) DAT SY KINDERS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL (LEWE)**. Ons het afgesluit met die volgende belydenis (wat ek vertrou jy daagliks bely met jou mond en glo met jou hart). Ek is die tempel van God. Dit beteken dat ek 'n tempel van liefde is: 'n heilige gebou, 'n geestelike huis. Ek is die woonplek van God. Dit beteken dat ek 'n liefdehuis is: 'n houer van liefde. Ek is 'n liefdeskind. Ek dien 'n God van Liefde. Die liefde van God vloei ongehinderd deur my. Dit is Goddelike Liefde. Ek kan hierdie liefde nie wegsteek of keer nie, daarom vloei dit van my uit. Ek gaan in hierdie liefde van God, waar ek ookal gaan en dit maak nie saak wat ander aan my doen of hoe liefdeloos hulle teenoor my is nie, ek KIES om hulle lief te hê en ek bevestig my keuse met my DADE.

Die karaktertrek van God wat ons hierdie keer oor gaan praat is die **HEILIGHEID VAN GOD.** Die Hebreeuse woord vir heilige is kadesh en die grondliggende mening is **OM AF TE SONDER**, of **EENKANT TE PLAAS**. So kry ons dat die mense van die Ou Testament baie dinge **AFGESONDER** of **GEHEILIG** het. Die tabernakel, die tempel, die priesterdom. Met betrekking tot God beteken hierdie afsondering dat Hy afsonderlik en verhewe is bo alles en almal in die ganse heelal.

1 Sam. 2:2: Niemand is **HEILIG** soos die Here nie, ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie. Openb. 15:4: Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is **HEILIG**; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.

1 Joh. 1:5: En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is **LIG**, en geen duisternis is in Hom nie. God is dus geheel en al **HEILIG**, en ook **SUIWER** en **REIN**. Daar is geen sonde of duisternis in Hom nie. Satan is die een vol duisternis en hy doen ook sy bose werke in die duisternis. Maar wanneer die lig in die duisternis skyn, verdwyn die duisternis! God se Lig laat sonde verdwyn. Ons weet dat God se Hand gesien word as Sy Krag en Mag. Sy Oog word gesien as Sy Alwetenheid, Ewigheid as Sy Tydsbestek, maar **HEILIGHEID IS SY WESE!** En Sy Heiligheid word met Sy Skoonheid verbind. Ps. 27:4: Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die **LIEFLIKHEID** van die Here te aanskou en te ondersoek in Sy tempel. Dit wat God lieflik maak, is Sy Heiligheid. In 'n sonde toestand wil die mens maar altyd wegbeur van God af, maar Sy Heiligheid, wat Sy Skoonheid is, trek die sondaar aan en wys die aakligheid van sonde! Die Kind van die Here verlang om al die tyd hierdie **LIEFLIKHEID** van die Here te aanskou! Hierdie karaktertrek van God, nl. Sy Heiligheid, word meer kere na verwys in die Bybel as na enige van Sy ander karaktertrekke. Sy Naam word voortdurend gemeld as "Sy Heilige Naam," nie Sy Almagtige Naam of Skone Naam nie. Hierdie **NAAM** is uiters belangrik, want ons weet dis in hierdie **NAAM** wat elke knie moet buig. Omdat al God se karaktertrekke ook saamgevat en gekonsentreer was in Sy Seun, Jesus Christus, is die **NAAM VAN JESUS** ook die Naam waarin duiwels vlug en siekes genees word.

Jes. 6:3: En die een (seraf) het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leerskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol! Waar God geloof en geprys word is dit weereens **SY HEILIGHEID** wat besing word.

Let ook op in Openb. 4:8 waar God vereer word deur die vier lewende wesens om Sy Troon, was hulle uitroepe: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat wasen wat is en wat kom! Die Heiligheid is die heerlikheid van God en Heiligheid is die heerlikheid van elke karaktertrek van God. Soos Sy Krag die sterkte van Sy karaktertrekke is, so is Heiligheid die skoonheid daarvan. Net soos al God se karaktertrekke verswak sou wees sonder Sy Heiligheid wat hulle versier. As God se karaktertrek van Heiligheid met die kleinste persentasie besoedel sou word, sal al die ander karaktertrekke hulle krag verloor. Dink maar aan die son: as dit sy lig sou verloor, sou dit sy krag, energie en skoonheid verloor. God se Geregtigheid is Heilige Geregtigheid – Sy Wysheid is Heilige Wysheid – Sy Mag is Heilige Mag (Ps. 98:1) – Sy Waarheid is Sy Heilige Beloftes (Ps. 105:42). Sy Naam, wat verteenwoordigend is van AL SY karaktertrekke, is Heilig. (Ps. 103:1) Baie gelowiges dink die Naam van Jesus is 'n towerformule. Dit het slegs krag as dit gebruik word deur iemand wat bekend is met die karaktertrekke van die God wat daardie Naam verteenwoordig. Petrus was beslis so 'n persoon en hy het daardie Naam met **GESAG** gebruik. Let op wat sê hy in Hand. 5:41: Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir **SY NAAM** oneer te ly. Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, **SY HEILIGE NAAM!** (Ps. 103:1) Dis van uiterste belang dat ons hierdie **HEILIGHEID** van God sal begryp, want dis of ons in hierdie moderne tyd 'n oppervlakkige begrip daarvan en daarteenoor het. Tog behoort ons dit na te strewe en dit te soek en die integriteit daarvan te eer. God se Heilige Teenwoordigheid was by Sy dissipels in die tyd van Handelinge, daarom het kreupeles geloop, blindes gesien en het tronkdeure vir hulle oopgegaan. Dwarsdeur die geskiedenis was dit so dat voordat 'n geestelike herlewing plaasvind, is daar eers 'n honger na heiligheid: na 'n afsondering van sonde, na 'n ondervinding van God se Heiligheid! Soek ons nie tevergeefs na herlewing sonder eers heiligmaking nie!?


GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WERKE

Ps. 145:17: Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al Sy werke. (Die Engelse vertaling lui: and **HOLY** in all His works) Ons het gesien dat God **GOED** is, en 'n Goeie God maak net **GOEIE GOED**. Dit word ook bevestig in Gen. 1 en 2 waar God alles geskape het en elke dag daarop kon heen kyk en besluit dat dit **GOED** was. Euwels en ellende kom uit satan se hand en hart uit!

GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WET. Ps. 19:8 en 9: Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer, dit verlig die oë. Rom. 7:12: Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. So sien ons dat, omdat Sy wet **HEILIG** is, dit van ons heiligheid verwag; Sy wet is SUIWER, daarom, verwag Hy van ons suiwerheid, reinheid. Nou is dit nie my doel om hier 'n lys te voorsien van al die dinge en plekke waar die kind van die Here **BESOEDELING** optel nie, maar laat jou eie gedagtes gaan in daardie rigting en jy sal self ondervind hoe God se Gees dinge vir jou uitwys. Kom ons neem maar net die voor-die-hand-liggende: die **TELEVISIE**. Paulus sê ons moet najaag dit wat tot vrede en STIGTING (opbouing veral geestelik) dien (Rom. 14:19) Hoeveel van die programme waarna jy kyk op TV bou jou geestelik op, of gee jou vrede? Is die meeste nie dalk besoedeld en afbrekend nie?

GOD SE HEILIGHEID WAS GEMANIFESTEER AAN DIE KRUIS. Hebr.1:13: U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie …. God **HAAT** alle sonde. Die enigste manier waarop God sonde kon straf en die sondaar laat vrygaan, was deur Sy Heilige Seun te gee as Soenoffer. So sien ons hoe haatlik en afstootlik sonde vir God is deurdat Hy dit tot die uiterste gestraf het deur dit op Sy Seun te plaas en toe die hartverskeurende uitroep vanaf die Kruis: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" God vergewe sondaars, maar nie sonde nie. Dit moet gestraf word deur die dood. Die sondaar word slegs vergewe op grond van Iemand anders wat sy straf gedra het. …… en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. (Hebr. 9:22) Omdat God absoluut HEILIG is, is dit vir die mens onmoontlik om deur Hom aanvaar te word op grond van sy werke, aangesien al die mense se dade, selfs sy bestes, gekontamineer is deur sy sondige natuur, wat in teenstelling is met God. (Jes. 64:6) 'n Slegte boom bring slegte vrugte voort (Matt. 12), tog, dit wat God se Heiligheid verlang, het Sy genade vir ons voorsien in Christus, sodat **IN HOM** elke berouvolle sondaar "Begenadig is in die Geliefde" (Ef. 1:6) God se Kind het dus geen rede of verskoning om minder heilig te wees as God nie: Hy is **HEILIG**, daarom moet ons **HEILIG** wees. Waarom hou mense dan vas aan sonde? Waarom word hulle nie verlos nie? Is dit maar die ou probleem van **ONGEHOORSAAMHEID** aan Sy opdragte? Lippediens aan Hom? Kyk net watter dure prys het Hy betaal op Golgota omdat Hy sonde haat en **ONS LIEFHET! ONS IS GEROEP OM HEILIG TE WEES SOOS GOD.** 1 Pet. 1:15- 16: Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. Lev. 19:2: Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig. Ef. 1:4: soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees. 2 Pet. 3:11: Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? Daar is dan God se **OPDRAGTE**: is ons **GEHOORSAAM**? As jy kyk na 1 Pet. 2:9 sal jy lees dat ons 'n **HEILIGE VOLK IS** m.a.w. die dag wanneer jy wedergebore word, word die Heiligheid van God in jou geplaas, maar nou is dit jou taak om dit uit te werk in jou lewe sodat jou lewenswandel heilig kan wees. Onthou, ons het aan die begin gesê dat **HEILIGHEID** beteken "afgesonder" en "toegewy". Werk dus jou heiligheid uit deur "afgesonder" te wees in jou optredes, lewenswyses, gedagtes en woorde. Moenie skrik en dink dat jy nou in 'n **EIENAARDIGE** mens moet verander wat al-

leen in 'n kamer woon sonder enige kontak met die samelewing nie. Inteendeel, die persoon wat IN hierdie lewe sy wandel en gedagtes aan God wy, is 'n aangename geur van die LEWE van Christus in hierdie ou vervalle en ellendige lewe! God sal Homself aan ons openbaar as ons ons afsonder vir heilige dinge en mense, en onsself aan Hom wy. Maar let op, hierdie **HEILIGHEID** wat ons van praat, is nie 'n wetlike gebondenheid soos bv. geen TV, geen grimering, geen dit en geen dat nie! Soos ons reeds gesê het moes jy KIES om jou besig te hou met dinge wat jou stig en ophef, en as daar so iets op die TV is of in die bioskoop, KYK! 'n Vrou wat haar skoonheid beklemtoon deur grimering en mooi klere **MET DIE REGTE HARTSMOTIEWE**, is beslis nie **ONHEILIG** nie! Daar is baie mense wat vashou aan die tradisionele sogenaamde "heiligmakings -kode" van smaak nie en raak nie na die uiterlike, maar die oomblik wat hulle praat, kom daar allerhande gemors by hulle monde uit, om nie eers te praat van die gedagtes wat net God van weet nie! Heiligheid en heiligmaking is nie 'n stel uiterlike reëls nie. Dis nie wat jy **DOEN** nie, maar wat jy **IS!** Hebr. 12:14: Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie. Jy IS heilig, Kind van God: jaag dit nou na – werk dit nou uit in jou lewe! 1 Kor. 1:30: Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en **HEILIGMAKING** en verlossing.



Liewe vriende,
Ons landlyn telefone is 'n werklike probleem. Wanneer ons kragonderbrekings het, lui ons landlyne glad nie. Wanneer hulle werk is die Telkom-kabels so beskadig dat ons niks kan hoor nie.

Ons het drie opsies vir jou om met ons te kommunikeer:
Jy kan 'n stempos op die landlyn los en ons sal vir jou bid.
Jy kan jou geskrewe boodskap **WhatsApp na: 0790672984**
Jy kan jou versoeke **e-pos na: stangerchristiancentre@gmail.com**

Ons sal die volgende dag tussen **07:00 en 08:00** vir elke versoek bid.Jy sal bevestiging kry dat ons jou boodskap ontvang het en ons bid.



Mag die Here jou ryklik seën.

Meg Van Zyl en Gebedspan

Skatkis

“as vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God” (1Pet.2:16).

Vryheid vir die Christen lyk anders as die vryheid waarvan die wêreld praat. Jesaja sê vir ons dat Hy (Jesus) gekom het om die gevangenis vry te maak. Vry van verslawing, vry van haat en jaloesie, vry van enigiets wat ons ver-mink en ons gebonde hou. Hierdie vryheid is nie wellustigheid wat ons toe-laat om volgens die vlees te lewe nie, maar eerder die vryheid wat elke las van sonde en wat daarmee saam gaan verseker van ons verwyder.

Alles wat ons beheer (behalwe Christus) en ons in ellende, wanhoop en lee-gheid gebonde hou kan Hy mee deel. Hy alleen het die titel “Verlosser”.

Sy aanbod bestaan nog. Daar is geen “verval datum” nie. Sy genade is elke oggend nuut. Ons is nie langer slawe nie, maar kinders van die lewende God en ons liefdevolle hemelse Vader wil hê dat ek en jy in die vryheid leef waarvoor Jesus aan die kruis gesterf het!

Vra en jy sal ontvang.

Nota oor Donasies

Geliefdes,
Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.
Ons waardeer elkeen van julle
Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Beantwoorde Gebed.

”En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom (1Joh.3:22).

Die sleutel om jou gebede beantwoord te kry, is om God se Woord te gehoorsaam. Dit is waarskynlik nie aanvaarbaar vir gelowiges wat nie glo dat daar gevolge is vir ‘n goddelose lewenswyse nie. Laat ons dus op ‘n ander manier na hierdie vers kyk: "En wat ons ookal bid, ontvang ons nie van Hom nie, omdat ons Sy gebooie nie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom nie.” Jesus het dieselfde beginsel baie duidelik gemaak toe Hy gesê het: **“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry” (Joh. 15:7)**.

Volgens hierdie twee skrifte is beantwoorde gebede direk verbind met die prioriteit wat ons op ons persoonlike verhouding met die Here plaas en die maat van Sy Woord wat ons kies om lewend in ons harte te hou en toe te laat om ons daaglikse lewens te beïnvloed. Spreuke bevestig dat die Here geen vreugde vind, dit inderdaad as ‘n belediging beskou, deur die gebede van Sy kinders wat Sy opdragte opsetlik verwerp en kies om koud te word in hulle wandel met Hom. **"Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel”(Spr. 28:9).** ‘n Hart wat God werklik nastreef en die intimiteit in Sy Teenwoordigheid vind is ‘n hart wat Sy Woord innig lief het en deur sy wysheid leef. Sy gebede is ‘n vreugde vir die Here en sal altyd beantwoord word!

Weereens wil ons elkeen van julle bedank vir julle liefde, gebede en ondersteuning. Soos ons die tweede maand van 2023 binnegaan, bid ons dat ons Hemelse Vader jou op ‘n magtige manier sal seën, beskerm en voorsien.

Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan



COME TO ME AND FIND REST

Matt 11: 28 "Come to Me, all you who labour and are heavy laden, and I will give you rest. Take My yoke upon you and learn from Me, for I am gentle and lowly in heart, and you will find rest for your souls. For My yoke is easy and My burden is light." This is such an incredible portion of scripture, placed in the middle of Matthews's gospel like a scented candle, On the one hand you have the wonderful teachings of the sermon on the Mt of Beatitude, how to live in the Kingdom, and being a king's kid. Followed by a sharp rebuke of the Pharisees, Sadducees and scribes teaching on heavy legalism. On the other side, Jesus starts to prepare his disciples and followers for His death and resurrection. This sweet smelling candle message is put right in the middle of all of this, full of hope and compassion, strength with gentleness! There is a Latin word "Quo Vadis" which means "where are you going?" It could be because you are walking aimlessly, maybe you look worried and confused, maybe out of your heart you speak things that the hearer perceives that something is wrong! Quo Vadis where are you going, by what are you measuring life, what are you using as your compass in order to find direction? How are you measuring what is Truth. Jesus is saying to you today in the midst of all of this "Come to Me"… approach Me, draw near to Me! This is said with a gentle calm loving voice, it is not a command but an invitation, like when a father comes home from work and goes out to the back garden and his child sees him, all he has to do is hold out his arms and that child comes running and dives into the loving arms of their father knowing that, that is the safest place with unconditional love and protection. Isa 1:18 "Come **now**, and let us reason together," Says the Lord, "Though your sins are like scarlet, They shall be as white as snow; Though they are red like crimson, They shall be as wool. If you are willing and obedient, You shall eat the good of the land. What other god says this to their subjects "Come now, and let us reason together? Only the one who loves His creation, only the one who wants to have a relationship with His created beings, only the one who truly wants His people free. God instructed Moses to say to Pharaoh … "Let my people go (come to me) set them free so that they can worship Me! Only our loving Father God desires a relationship with His created beings that He sent is one and only Son Jesus Christ to die and pay for our sins and iniquities Jhn 3:16.

Matt 11:28 … all you who labour and are heavy laden, and I will give you rest. All those who are buckling under the pressures of this life! It could be **sin** or sins, emotional inner **turmoil**, rejection **shame** guilt condemnation – religious pressures, unrealistic expectations, a sickness or lack of self-worth, Jesus is saying to You today "Come to Me and I will give you Rest! The word "rest" in Hebrew is "Nuach" means "settled and comforted" Interestingly it is also the root word for Noah! I wonder how Noah broke the news to his family, in a time of much chaos and sin, how did their hearts feel in that moment, knowing what was going to take place. All of you who are weary and carry heavy burdens, Come to Me and I will give you "nuach" comfort and a still heart! Which equals Peace that surpasses all understanding!

A Yoke is a block of wood placed on the shoulders and neck of an animal or criminal so as to: Restrict their movement, to direct them: harnessing them to accom-

plish your purpose placing them in bondage. Matt 11:30 For My yoke is easy and My burden is light. It's light because Jesus is **carrying** the Yoke for us, just like when I was in the army doing poll PT, there were always three to a poll, I always got the short guy in the middle who once we lifted the poll over our heads he wasn't even touching the poll any more, the full weight of the poll was just on two of us, but it didn't stop the guy in the middle acting like he was participating whole heartedly in the exercise. Jesus' yoke is not to restrict you, or to harness you, it is there only to direct you to walk in unison with Him by the Spirit

1 Jhn 5:3 For this is the love of God, that we keep His commandments. And His commandments are not **burdensome**. For whatever is born of God overcomes the world. And this is the **victory** that has overcome the world—our faith. Who is he who overcomes the world, but he who believes that Jesus is the Son of God?
Rom 8:37 Yet in all these things we are **more than conquerors** through Him who loved us Hallelujah … what a mighty God we serve!

Matt 11:29 Take My yoke upon you and learn from Me, for I am gentle and lowly in heart, and you will find rest for your souls. I love this verse because it is the first time Jesus speaks about Himself, He is Gentle and humble. "Learn from Me" is imitate my ways and behaviour, Philip 2:5 "Let this **mind** be in you which was also in Christ Jesus…" we need to learn and imitate our Saviour ! Paul encourages us with these words… "be imitators of me as I imitator Christ…" 1 Cor 11.1
Jesus says this "I am gentle" this is another way of saying "I am meek" I always thought meekness was weakness, but meekness is Power under control! A horse is a good example of this, they have the strength and size to overpower their rider, yet that strength and size is brought under control because they allow themselves… submit themselves to the leading of the rider , Power under control… Meekness. Bible tells us both Moses and Jesus were meek, that should make us think!

"Lowly in heart" is Humility, C S Lewis said "Humility is not thinking less of yourself, but thinking of yourself less" I think this says it so well. Dying to self so as to walk the extra mile, show the fruits of Gods Spirit in order to be a blessing to others.
Jesus teaching on the Beatitudes taught in Matthew 5 tells us, Matt 5:3 Blessed are the poor in spirit, For theirs is the kingdom of heaven (the Humble) Matt 5:5 Blessed are the meek, For they shall inherit the earth.

We see two rewards, Kingdom of Heaven and inherit the earth, in my opinion this is kingdom living on earth as it is in Heaven, God will give us favour with all who we come into contact with. Another point that can be made is when the Pharisees asked Jesus which is the greatest commandment in Matt 22:36, Jesus replied You shall love the Lord your God with all your heart and with all your soul and with all your mind … and the second is like it you shall love your neighbour as yourself. On these two commands **hang** the whole Law and the Prophets.
I believe that Jesus' is making a similar statement here that all the Beatitudes hang on these two attitudes, Humility and meekness. If we are to be part of His Kingdom we need to be Humble and meek, Walk as He walked!
Warren W Wiersbe said "Blessed" implied an inner satisfaction and sufficiency that

did not depend on outward circumstances for happiness. This is what the Lord offers those who trust Him!
There is a Jewish saying: "whoever has a good eye, a humble spirit, and a modest soul is a disciple of Abraham our father, who enjoys this world and inherits the world to come"

What can we extrapolate from all of this?

Do you feel like things are overwhelming you, things are falling apart, there seems to be more chaos than peace in your life, and are you unsure of the future?

A)Jesus is saying to you Today! "Come unto Me, all you who labour and are heavy laden. Our response should be "here I am" "Hineni" is the Hebrew word for "here I am I surrender all to You"?
To come to Jesus means to put our hope and trust in Him, this is an open invitation to everyone who is exhausted and burdened… draw near to Him!

B) "Take." With both hands …diligently receive by faith His yoke. When we take His yoke and learn from Him, we will find rest in our Heart and in our Minds. First, we have "peace with God" (Rom. 5:1); secondly, we have "the peace of God" (Phil. 4:6–8). When we surrender our lives to Jesus, we become yoked with Him. It's a perfect fit like a glove, we then move in unity with Him and His word, just like when you learn to dance with your wife, she's tripping over your feet, not used to the way you lead, but after a while you learn to dance in unison she side steps your big feet and follows your lead, so it is with our Lord we dance in step with Him we follow His lead!

C) "Learn." this step is a process. As we learn more about Him, and follow His word by applying it to our lives we find a deeper peace and hope, and we trust Him more.
Come to Him, listen to Him, honour Him with our lives!

